NG KERK IN OOS-KAAPLAND

NOTULE VAN 'N SPESIALE VERGADERING VAN DIE DAGBESTUUR VAN DIE SINODALE KOMMISSIE OP 22 NOVEMBER 2006 OM 15:00 TE BYBELHUIS, PE

1 OPENING

1.1 Die voorsitter open met Skriflesing uit Ps 130 en 'n gebed.

2 KONSTITUERING

2.1 Dagbestuur van die SK

Ds EGJdeG Schutte – Voorsitter
Dr ACV van Wyk – Onder-voorsitter
Dr S du Toit – Aktuarius (Verskoning)
Ds DW Mouton – Skriba (Verskoning)
Ds AC vd Westhuizen – Notulerende Skriba
Ds M van Niekerk
Ds PL Louw (Verskoning)
Ds CH van Heerden – DL Finansies

2.2 Adviserend

Dr JWJ Viljoen – Direkteur Administrasie
Ds BIC Steyn (Verskoning)

2.3 RK Ring van Humansdorp

Ds T Conradie
Ds J vd Merwe
Ds DF Oelofse
Oudl DVdM du Preez (Gamtoosvallei)

3 UITBREIDING VAN DIE SAKELYS

3.1 Geen nuwe sake word by die sakelys gevoeg nie.

4 DOEL

4.1 Die gesprek met die SK-Dagbestuur volg op 'n dringende versoek van die Ring van Humansdorp (volgens twee skrywes van 29 September 2006, aangeheg as Bylaag A en B) tot gesprek oor die sinodale dankoffers en die voorgestelde nuwe direkteurspos van die sinode.

4.2 Sedertdien is twee verdere skrywes van die ringskriba ontvang waarin die aanvanklike skrywes teruggetrek word, maar later herbevestig word. Vergelyk Bylaag C en Bylaag D.

5 RING VAN HUMANSDORP: BESLUIT RE SINODALE DANKOFFERS

5.1 Die vergadering bespreek Bylaag A (Skrywe van die Ring van Humansdorp, 29.09.2006), Bylaag C (e-pos Ds DF Oelofse, 06.10.2006) en Bylaag D (Skrywe Ring van Humansdorp, 25.10.2006).

5.1.1 Besluite:

5.1.1.1 Die Dagbestuur herbevestig die besluit dat die ondersoek na die Sinodale Dankoffers 'n saak van dringendheid is.

5.1.1.2 'n Skrywe deur die DA sal aan ringe en gemeentes gerig word met die uitnodiging om insette tot die gesprek rondom die Sinodale Dankoffers te maak; en

5.1.1.3 Die Dagbestuur beveel aan dat die ***ad hoc***-kommissie wat die ondersoek na die Sinodale Dankoffers doen, die reg het om nog lede tot hierdie kommissie te koöpteer om die ondersoek so inklusief as moontlik sal wees.

5.1.1.4 Die Dagbestuur beveel aan by die SK dat die persentasie-aanslag vir die Sinodale Dankoffers vasgestel word op 8% per jaar vir die jaar 2007-2008 as 'n interimreëling.

6 RING VAN HUMANSDORP: BESLUIT RE MOONTLIKE NUWE POS VAN DIREKTEUR BEGELEIDING EN SINODALE KOMMUNIKASIE

6.1 Die vergadering bespreek Bylaag B (Skrywe van die Ring van Humansdorp, 29.09.2006).

6.1.1 Besluit: Die vergadering neem kennis dat die Ring van Humansdorp die proses van die herstrukturering van die Sinodale Kantoor ondersteun.

7 AFSLUITING

7.1 Die voorsitter bedank die vergadering vir die vrugbare gesprek en die uitkomste van samesprekinge.

7.2 Ds M van Niekerk sluit met gebed, waarna die vergadering verdaag.

Goedgekeur en onderteken te Port Elizabeth op die vergadering van die Sinodale Kommissie op 23 November 2006:

Voorsitter: Ds EGJ de G Schutte

Skriba: Ds AC vd Westhuizen (Waarnemend)

Ander lede van die Kommissie: